

Geagte Mnr / Mev / Mej

NB: DIE AMPTELIKE HIGHVELD SINDIKASIE AKSIEGROEP (“HSAG”) KENNISGEWINGS IS DIE ENIGSTE AMPTELIKE INLIGTINGSBRONNE WAAR U AS BELEGGER INLIGTING KAN BEKOM OOR DIE HSAG EN NOOI ONS U UIT OM ONS WEBBLAD BY www.hsaction.co.za TE BESOEK. E-POSSE WORD OOK VAN TYD TOT TYD UITGESTUUR EN WORD U VERSOEK OM SEKER TE MAAK DAT U AANSOEKVORM TOT DIE HSAG KORREK VOLTOOI IS EN ONS OP HOOGTE TE HOU VAN ENIGE VERANDERINGE.

ADMINISTRATIEWE AFSNYDATUM VIR REGISTRASIE BY DIE HSAG

GELIEWE KENNIS TE NEEM dat 31 Maart 2017 om 24:00 die volgende administratiewe afsnydatum is vir enige laat-registrasies by die HSAG.

GELIEWE GEVOLGLIK VERDER seker te maak dat al u bydraes tot Registrasie- en Regskostes tot op datum vereffen is, ten einde te verseker dat u oor regsverteenwoordiging vir die HSAG aangeleenthede, hofsake en/of moontlike toekomstige skikking(s) beskik. Enige spesiale versoeke en navrae moet skriftelik gerig word aan hsagenquiries@gmail.com.

1. DIE HSAG KLAS-AKSIE

Die beleggers is bewus daarvan dat mnr Nic Georgiou/Orthotouch gepoog het om die Klas-aksie van die Highveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) gedurende November 2016 te ontspoor deur onder andere die individuele nominale Applikante, wat namens die HSAG opgetree het om die Klas-aksie te sertifiseer asook die individuele Applikante in die aansoek om tersydestelling van die Orthotouch Reëlinskema, af te koop.

Ons senior advokate adviseer dat hierdie pogings onreëlmatig is en dat dit deur die Hooggeregshof ter syde gestel moet word. Twee dringende Aansoeke is reeds uitgereik in die Hooggeregshowe van Pretoria en Johannesburg. Die eerste Aansoek (Pretoria) is op 3 Februarie 2017 aangehoor en ons wag tans op 'n beslissing van die Pretoriase Hooggeregshof. Die volgende Aansoek word op 28 Februarie 2017 in Johannesburg aangehoor. Ons sal u op ons webwerf/per e-pos op hoogte hou van die beslissings van die Hooggeregshowe.

2. ONDERMYNING VAN HSAG KLAS-AKSIE EN SKIKKING

Sekere persone, wie nie deel vorm van die HSAG nie, kommunikeer steeds met HSAG-lede (hoofsaaklik by wyse van Facebook-/WhatsApp-boodskappe) ten einde hulle te ontmoedig om deel te vorm van die HSAG en ook moontlike skikkings buite die HSAG met mnr Nic Georgiou/Orthotouch te bewerkstellig. Klagtes word ontvang dat hierdie persone hulself as verteenwoordigers van die HSAG-lede voordoen of in hul belang optree maar moet u ernstig kennis neem dat hulle geensins gemagtig is om namens die HSAG met HSAG-lede te skakel of hulle selfs te kontak **nie**. Die volgende persone is afvallige voormalige lede en/of vorige vurige ondersteuners van die HSAG maar het die groep verlaat en ondersteun nie meer die doelwitte van die HSAG of die Klas-aksie nie:

- Mev **Elna Visagie**, wie voorheen as bestuurslid van die HSAG 'n vertrouensverhouding beklee het (en inisieerder van die voorgenome HSAG klas-aksie was) is tans werksaam vir mnr Nic Georgiou/Orthotouch);
- Mnr **Herman Lombard**, voorheen 'n vurige ondersteuner en lid van die HSAG, maar wie tans werksaam is vir mnr Nic Georgiou/Orthotouch;
- Mnr **Helgard Hancke**, wat voorheen 'n vertrouensverhouding as bestuurslid van die HSAG beklee het, maar wie se eis privaat in die geheim geskik was en wat gevolglik sy belang in die HSAG verloor het. Toe dit aan die lig gekom het dat Mnr Hancke agteraf en in die geheim met mnr Nic Georgiou/Orthotouch geskik het, was hy versoek om van die bestuur te bedank. Hy was ook versoek om die vertroulike HSAG inligting, e-posse en dokumentasie aan ons te verskaf, wat hy tot dusver geweier het om te doen.

Geliewe ons op hsactiongroup@gmail.com of hsagwhistle@gmail.com te verwittig van enige voorvalle waar persone valse of kwaadwillige inligting deurgee of valslik voordoen dat hulle in belang van die HSAG-beleggers optree tesame met die name van sodanige persone, sodra dit onder u aandag gebring word.

Indien 'n belegger die advies van een van bogenoemde afvallige partye of derdes wat nie deur die HSAG gevolgmagtig is nie, sou volg, sal daardie belegger ongelukkig **nie** die voordele of beskerming van die HSAG geniet **nie** en sal hulle daarby ook in staat moet wees om hul eie regskostes en uitgawes hierin (wat uiteindelik etlike honderde duisende rande kan beloop) te kan dek.

3. SKIKKING

Die HSAG is geensins gekant teen die skikking van eise tussen lede van die HSAG en mnr Nic Georgiou/Orthotouch nie. Slegs sodanige persone wat egter skikkingsaanbiedinge deur middel van die prokureurs van die HSAG (Theron & Vennote Prokureurs, Stellenbosch) maak en waar die prokureurs die betalings namens en ten behoeve van die tersaaklike HSAG-lede ontvang en administreer, sal die beskerming van die HSAG geniet.

Mnr Helgard Hancke probeer tans die indruk op sosiale media wek dat die prokureurs kwansuis 'n konflik van belange sou hê om terselfdertyd namens die HSAG klas-aksie sowel as die HSAG skikking op te tree. Dit is loutere onsin. Mnr Hancke is nie 'n prokureur nie en ook nie 'n geregistreerde finansiële adviseur nie. Indien hy voorgee om prokureurs- en/of finansiële advies te verskaf sal dit onwettig wees.

Alle verdere navrae van HSAG-lede en beleggers moet asseblief aan hsagenquiries@gmail.com gerig word.

4. KOSTE

Vanuit die staanspoor is HSAG-lede in kennis gestel dat, afhange van die ondersteuning en samewerking van voornemende HSAG-eisers, dit verwag kan word dat jaarlikse bydraes van die HSAG-lede aangevra sal moet word. Op hierdie stadium was daar slegs een opvraging in die verband en sal ons u op hoogte hou van verdere opvragings. Registrasie- en regs-koste is van tyd tot tyd betaalbaar maar is nie terugbetaalbaar nie.

5. SKIKKINGSONDERHANDELINGE

Die aansoeke om met mnr Nic Georgiou/Orthotouch te skik het op versoek van mnr Nic Georgiou op 30 September 2016 gesluit. **Mnr Nic Georgiou het egter aangedui dat hy verdere aansoeke sal oorweeg en met onderhandelinge sal voortgaan met die HSAG-bestuurskomitee gedurende Februarie 2017. 'n Eerste vergadering is reeds in Januarie 2017 met Mnr Georgiou gehou en is 'n tweede vergadering in Februarie 2017 geskeduleer.**

Wat die vergadering van Januarie 2017 betref adviseer ons as volg:

Mnr Nic Georgiou het ons van 'n tweede Skikkingsooreenkoms voorsien welke ooreenkoms na ons advokate gestuur is vir hulle insette. Ons sal die voor- en nadele en ons kommentaar op die ooreenkoms so spoedig moontlik op die webtuiste plaas.

Mnr Nic Georgiou het tydens ons laaste vergadering aangedui dat hy die Skikkingsooreenkoms (Vorm "C1") voor of op 31 Maart 2017 sal onderteken. Hy het verder aangedui dat hy eers gedurende (maar nie later nie as) 30 April 2017 in staat sal wees om die eerste betalings te maak.

Ons hou die kommunikasiekanale met mnr Nic Georgiou oop ten einde die moontlikheid van 'n skikking, namens die HSAG beleggers wat wil skik asook diegene wat hul aansoeke om te skik ná die sluitingsdatum ingedien het, te akkommodeer. Mnr Nic Georgiou het aangedui dat alle aansoeke wat ná 30 September 2016 ingedien is, steeds oorweeg sal word. Geen afsnydatum was vereis nie, maar word HSAG-lede versoek om dit eerder vroeër as later te doen.

6. INDIVIDUELE EISE (HS21 – 22)

Indien daar beleggers is wat in Highveld Sindikasies 21 en 22 belê het en begerig is om op individuele basis regsaksie in te stel op grond van die terugkoop-ooreenkoms, moet hulle ons dringend van hul individuele instruksies voorsien. Sodanige regstappe moet so spoedig moontlik aanhangig gemaak word. 'n Konsep-dagvaarding is reeds in voorbereiding en word daar voorgestel dat veelvuldige Eisers (beleggers) in die dagvaarding gevoeg word.

7. BLAAS HIER DIE FLUITJIE OP VALS INLIGTING

Indien beleggers enige relevante of belangrike inligting wil bekend maak of dokumente aan ons wil stuur en sou verkies om anoniem te bly, kan hul van die e-pos adres hsagwhistle@gmail.com gebruik maak.

8. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG

Vind asseblief hiertoe aangeheg u Staat vir u deelname aan die HSAG.

Let asseblief op die volgende:

1. Sedert Januarie 2016 het die HSAG begin om trustopvragings te doen vir 'n bydrae tot regskoste vir die Hooggeregshofsake en aanverwante aangeleenthede wat deur die HSAG gedryf word. Sodoende word die HSAG lede se individuele regte en belange asook die HSAG groepsregte en -belange beskerm. Hierdie bedrag behoort op u staat te reflekteer. Indien geen opvraging ten aansien van regskostes op u staat verskyn nie, beteken dit dat u waarskynlik in 'n groep val wat nog nie geprosesseer en/of geallokeer is nie, en sal dit op 'n latere staat verskyn. Die aangevraagde bedrag vir 2016-regskoste was R1 000,00 per sindikasie. Let asseblief daarop dat die persoonlike inligting waaroor ons beskik, verkry is van die aansoekvorms. Indien u aansoekvorm foutief of onduidelik is sal u gevolglik geen state of e-posse ontvang nie.
2. Klik asseblief op die skakel om na die "Customer Zone" te gaan waar u die opvragings vir registrasie-, regskostes en u betalings kan sien.
3. Weens aaneenlopende hoë hoeveelheid navrae, registrasies, wysigings van persoonlike besonderhede en allokasie, is dit moontlik dat sommige betalings en/of registrasies nie op die aangehegte Staat sal verskyn nie, maar eers op 'n latere Staat. Maak asseblief seker dat u inligting korrek is.
4. Geoutomatiseerde state sal van tyd tot tyd (normaalweg maandeliks) uitgestuur word, maar u skakel na die "Customer Zone" sal deurentyd aktief bly en u kan ter enige tyd u betalings en transaksies daarop sien, soos wat dit geallokeer word.
5. Indien daar enige uitstaande bedrae is word u vriendelik versoek om dit so spoedig moontlik te betaal ten einde onnodige administrasie en/of verdere kostes te verhoed.

6. Registrasieheffings is betaalbaar op alle nuwe en agterstallige (90 dae en ouer) registrasies. Registrasiekostes beloop tans R1 500,00 per sindikasie en, indien latere registrasies toegelaat word, sal daar waarskynlik 'n verdere heffing vir registrasiekoste per sindikasie vir alle nuwe registrasies gehef word, ten einde finansiële bydraes deur huidige HSAG-lede te verlig.
7. Ons bedank u vir u lojale ondersteuning waarsonder die HSAG klas-aksie nie moontlik sou wees nie. U kan insgelyks staatmaak op ons onverdeelde lojale ondersteuning van die HSAG-lede en geassosieerdes.
8. Enige navrae kan aan hsagenquiries@gmail.com gerig word.

Vriendelike groete

Theron en Vennote

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com

